



Stormie Omartian se topverkoper-boeke oor gebed en die huwelik het al miljoene lesers se lewens verander. Sy fokus nou in die omnibus *Die krag van 'n man en vrou wat bid* op die rol van huweliksmaats tesame sowel as apart wanneer dit kom by gebed vir die belangrikste verhouding in hul lewe.

In *Die krag van 'n vrou wat bid* bied Stormie in 30 kort hoofstukke leiding aan elke vrou oor hoe om nader aan God te kom en sy planne vir hul lewe te verstaan.

Die krag van 'n biddende man is gerig op mans. In 20 kort hoofstukke deel Stormie hoe 'n man vir sy vrou kan intree op gebiede waar sy werklik sy gebede nodig het.

In *Verander jou huwelik deur gebed* takel sy 15 kwessies wat huwelike vandag bedreig en leer huweliksmaats hoe om vir die beskerming van hul huwelik te bid.

Die krag van 'n man en vrou wat bid is ideaal vir huweliksmaats wat weet gebed is die versterking wat hul huwelik elke dag nodig het.

Spesifikasies:

ISBN:	978-1-4316-0643-6
Prys:	R199,95
Vrystellingsdatum:	Maart 2013
Kategorie:	Gebed
Teikenmark:	Algemeen
Formaat:	148 x 210 mm
Bladsye:	688
Omslag:	Hardeband met merklint

KORT KOPIE

Stormie Omartian fokus in *Die krag van 'n man en vrou wat bid* op die rol van huweliksmaats tesame sowel as apart wanneer dit kom by gebed vir die belangrikste verhouding in jou lewe. Hierdie omnibus bestaan uit drie gewilde titels: *Die krag van 'n vrou wat bid*, *Die krag van 'n biddende man* en *Verander jou huwelik deur gebed*.

OOR DIE OUTEUR



Stormie Omartian is 'n topverkoper-outeur en daar is al meer as 23 miljoen van haar boeke verkoop. Dit sluit die *The Power of a Praying®*-trefferreeks in, waaronder *The Power of a Praying® Life*, *The Power of a Praying® Wife* en *The Power of a Praying® Husband*. Stormie en haar man, Michael, is al vir byna 40 jaar getroud en het 3 volwasse kinders. www.stormieomartian.com

UNIEKE VERKOOPPUNTE

- Topverkoper-outeur
- Omnibus met drie gewilde titels

ANDER BOEKE DEUR DIE OUTEUR

- Die krag van 'n biddende lewe
- Kragtige gebed deur God se Woord
- 10 minute tot kragtige gebed
- Om te bid vir jou volwasse kinders
- Die krag van 'n vrou wat bid – Oordenkings